# Van Victoriabaai na Kaaimans Grotto

## ’n Dag van Stories, See-uitsigte en Verrassings

Ons plan was eenvoudig: stap vanaf Victoriabaai tot by Wilderness, en terug. Die werklikheid? Soos meeste goeie avontuurstories - effens anders.

Hoewel ons betyds uit Oudtshoorn vertrek het, het die pad ander planne gehad. Nie een nie, maar twee stop-en-rye het ons bietjie opgehou. Teen die tyd wat ons by Victoriabaai aangekom het, was almal se blase voller as ons energievlakke. En aangesien die bos ongelukkig nie badkamergeriewe bied nie, het ons uiteindelik eers omtrent ’n halfuur later as beplan begin stap.




Van Links: *Nicky, Annelies, Lara en agter haar steek net Elsa se hoed uit, Colin, Arthur, Monia, Stefanie, Louisa, Susan en heel agter, Kayla, Jolinda, Marianne en Wian.* Foto: *Suezette*

Die roete self is nie noodwendig die mees ongerepte deel van die kuslyn nie. Daar is mense wat langs dele van die roete woon en die menslike werklikheid van ons samelewing is moeilik om mis te kyk. Maar dan lig jy jou kop op - en daar lê die see. Blou, uitgestrek en asemrowend soos altyd. Die uitsigte bly eenvoudig magies.

Die roete volg groot dele van die ou spoorlyn en kronkel al langs die kus af, met asemrowende uitsigte wat jou gereeld laat stilstaan. Voor jy by die Kaaimansrivier uitkom, stap jy deur nie een nie, maar twee treintonnels - iets wat die gevoel gee dat jy halfpad tussen geskiedenis en avontuur beweeg. Met elke draai wag daar nuwe uitsigte, rotse, see en nog ’n rede om net vir ’n oomblik stil te staan.

Toe ons by die Kaaimansbrug kom, en alhoewel mens nie oor die brug mag stap nie, maar eerder onderdeur moet beweeg, het ons vinnig besef dié is nie ’n area wat mens sommer met gemak en selfvertroue oorsteek nie. Interessant genoeg beweeg die mense wat langs die roete woon bo-oor die brug soos ribbokke oor rotse - vinnig en sonder huiwering. Vir enigeen wat dié roete aanpak: hou die getye dop. Die oorgang moet ideaal binne ’n uur of twee van laagwater aangepak word.












Nadat ons die Kaaimans vir die eerste keer oorgesteek het, het daar ’n skerp klim teen die helling uit gewag. Met die onlangse reën en koue weer was dit minder “staproete” en meer “bobbejaan klim die berg”. Sommige van ons het toe eerder langs die kuslyn beweeg – oor rotse, deur vlak water en via ’n meer toeganklike paadjie tot by die grot.







Die Kaaimansgrot dra sy eie stories. Jare gelede was hier ’n restaurant, maar ná modderstortings en die einde van die Outeniqua Tjoe-Tjoe se ritte deur die area, het die restaurant sy denkbeeldige deure - of eerder klip voor die grot - toegemaak.



Vandag staan die plek beter bekend as Kaaimans Grotto - ’n unieke plek waar “besoekers”, teen ’n klein donasie, die grot moontlik kan verken. Die grot is al vir meer as 18 jaar lank iemand se tuiste en dié, het oor tyd deel geword van die storie en karakter van hierdie besondere plek.

Oor die jare het dit ontwikkel in iets wat moeilik is om te beskryf – deels museum, deels storieboek en deels tydkapsule. Binne wag ’n versameling van herinneringe, voorwerpe en stories wat oor jare opgebou is. Hier besef mens vinnig: *One man’s trash is another man’s treasure.*

Die gevoel binne die grot is moeilik om vas te vang. Dis vreemd. Dis magies. Dis interessant. Dis uniek. Beslis nie almal se koppie tee nie, maar juis dít maak dit so besonders.

Vir sommige van ons was dit ’n ongelooflike ervaring. Vir ander was dit eenvoudig iets heeltemal buite hul gewone verwysingsraamwerk.

Soos een van ons stappers gesê het: “Enige stout kind sal hier bang word.” Ironies genoeg het die enigste kind in ons groep toe besluit die grot is glad nie vir hom nie, en verkies om buite te wag.







Met die koue water wat voorlê en niemand in ons groep wat hulself as Penny Heyns beskou nie, het ons besluit om eerder vandaar terug te draai.

Ons het besluit om die “makliker” roete terug aan te pak – af oor die rotse, deur ietwat dieper water en terug oor die Kaaimans. Aan die ander kant het ons onsself beloon met ’n welverdiende middagete-breek voordat ons die pad terug parkeerarea toe aangepak het.






So eindig nog 'n avontuur - vol stories, lag, planne wat onderweg ietwat verander het, tot nat voete en uiteindelik herinneringe. Maar dalk is dit juis wat hierdie stap so besonders gemaak het: nie die bestemming nie, maar alles wat tussenin gebeur het.

Party plekke besoek jy net een keer.

Ander plekke stap saam terug huis toe.



Nou ja, stapgroete van Victoriabaai na Kaaimans Grotto.

Sien jou op die volgende een!

**– Jolinda Viljoen**